

**BRAUNVIEH** **N150088 Eduan Luitenant Roy. Eienaars: Mnre. Gawie** (links op inlas) **en Willem Naudé.** Roy is die seun van Eduan Luitenant, wat die ras in 2014 in dieselfde kompetisie verteenwoordig het. Die bul is geteel uit die Braunviehstoetery Eduan van mnre. Gawie en Willem Naudé van die plaas Buttermead, Barkly-Oos, wat sedert 1936 Braunviehs registreer.

Die plaas is op 'n hoogte van 1 800-2 000 m bo seevlak geleë en het koue, lang winters met temperature wat tot -16 °C daal. Die Braunvieh is uitstekend by hierdie toestande aangepas omdat die ras van die Alpe in Switserland afkomstig is. Die voedingswaarde van die natuurlike weiding neem in die winter af en die kudde oorwinter met 'n proteïenlek.

Gawie en Willem gebruik net die beste, beskikbare, prestasiegetoetste bulle in die kudde wat uit nagenoeg 200 teelkoeie bestaan. Hulle selekteer vir 'n mediumraamtipe bees wat by hul toestande aangepas is. Prestasietoetsing vorm 'n integrale deel van die seleksie en die bulle vaar uitstekend in fase C-toetse.

Die kudde handhaaf die laaste tien jaar 'n kalfsyfer van bo 90% en 'n speengewig van 50% en meer van die ma se gewig.

NAVRAE: E-pos: **gawien@telkomsa.net**; sel **082 897 9555**; e-pos: **wnaude80@gmail.com**; sel **082 775 7067**.

**CHAROLAIS** **DP150028. Eienaar: Mnr. Hansie Muller.** Op die plaas Jackalsfontein, Viljoenskroon, is daar "witgoud", soos die eienaar van die Charolaisstoetery Eslau, mnr. Hansie Muller, na die Charolaisras verwys. Die stoetery is deur Hansie sr. begin, waarna Hansie jr. dit oorgeneem het.


Die beeste wei in die somer op aangeplante smutsvingergras en in die winter op mieliereste.

Kunsmatige inseminasie word meestal met semen van Franse bulle gedoen, met uitstekende resultate by die kudde se koeie. Hansie lê verder klem op die beste teelmateriaal met die seleksie van sy eie bulle. Die koeie se kondisie is baie belangrik.

DP150028 is 'n baie korrekte bul volgens die rasstandaarde, manlik, kompak, hy beweeg gemaklik en sy speenkalwers sal genoeg gewig aansit, wat 'n groot pluspunt vir 'n beesboer se sak is.

"My trots is my bulle. Vir my is hulle nie net beeste nie, maar my liefde en passie."

NAVRAE: E-pos: **hmvoerkraal@gmail.com**; sel **082 489 6810**.





**DEXTER** **SZJ150037. Eienaar: Hendrik Strydom en Seuns.** Amadeus Dexters word in Fauresmith bestuur en die stoetery behoort aan Hendrik Strydom en Seuns van Petrusburg. Hier boer hulle ekstensief met die beeste wat slegs op die veld, bestaande uit gemengde bossieveld, oorleef.

Die kudde bestaan uit rooi en swart Dexters. Slegs prestasiegetoetste bulle word in die stoetery sowel as die kommersiële kudde gebruik. "Ons handhaaf in ons kudde 'n beleid van geen verdraagsaamheid teenoor nie-dragtige koeie, probleme met kalftyd en swak temperament," sê Hendrik (foto op inlas).

SZJ150037 is 'n goeie voorbeeld van die moderne Dexter wat sy plek met reg in die Suid-Afrikaanse beesbevolking kan volstaan. Hy is geteel uit van die beste teelmateriaal wat in Suid-Afrika beskikbaar is. Sy pa is die welbekende Amadeus Fred.

Die Elitebul loop baie goed en is besonder lank, met goeie diepte en bespiering. Volgens **SABeefbulls.com** is hy die bul wat die vierde plek vir melk in die ras beklee.

NAVRAE: E-pos: **amadeusdexters@mtnloaded.co.za**; sel **073 289 5111**.